SA: ALGEMEEN

# KRITIEK IN KERKBLAD OP „SEWE DAE BY DIE SILBERSTEINS"

**DIE pleitbesorgers van onsedelike kuns meen blykbaar dat die wet van die sonde nie vir die kunstenaar geld nie. Hy kan maar ontbloot wat God bedek wil hê, liederlikhede opdis waarvan die Skrif sê dit „is skandelik om selfs te noem."**

Só lui 'n artikel in die jongste uitgawe van **Die Kerkblad**, orgaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Die vraag word gestel oor waar die Gereformeerde lidmaat staan in die huidige stryd oor pornografiese kuns, waar die Publikasieraad en die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns „letterkundige werke met onkiese inhoud" goedgekeur, vrygespreek en bekroon het.

Die artikel waarsku dat daar te min stemme opgaan wanneer dit kom by verleiding deur pornografiese kuns. Sommige keur hierdie vorm van verleiding goed onder die naam „Die Kuns."

## OPSWEEP

Die geleerdes sê dat die kuns die hele lewe moet beskryf, daarin moet slaag om die mense kwaad, morbied, verdrietig, haatdraend, jaloers of hebsugtig te laat voel — en ook seksueel op te sweep. En dit is presies wat 'n boek soos **Sewe Dae by die Silbersteins** doen, lui die artikel.

Daar word aangevoer dat die verhaal van die bekroonde boek die botsing is tussen die slegte en die goeie, en dat die leser volgens sy volwassenheid daarop reageer. Volgens sy volwassenheid leer hy uit die verhaal of swig hy voor sy eie vleeslike inpulse wat deur die verhaal aangevuur is.

As die leser swig, is hy self te blameer. Dit, lui die artikel, is 'n „duiwelse sinisme" wat diametraal staan teenoor die liefdesgebod van God.

Sommige gee toe dat sulke werke net geskik is vir die „ryp geeste," maar die vraag is hoeveel van die driftaangevuurde boeke is gedruk vir hoeveel „ryp geeste."

Die Skrif ken geen ‚ryp geeste" nie, maar alleen die sondaar wat geneig is tot alle kwaad, aldus die artikel.